Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JULIE 2024

Bulletin

#overstrand4all | Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand | #C4ourself

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Stanford	028 341 8500
24-uur-beheerkamer	028 313 8000/8111
Brandweer	028 312 2400

KONSOLIDERING VAN UITGAWES TEENOOR INKOMSTE

TARIEWE EN EIENDOMSBELASTING STYG MET TUSSEN 6 & 11%

ITEM	% STYGING	NEEM KENNIS:
Elektrisiteit	10.04% NERSA GOEDGEKEUR	Die volgende subsidies ten opsigte van ***noodsaaklike dienste sal*** geld vir almal geld wie se registrasie vir deernishulp op Munisipaliteit Overstrand se databasis geldend is: • 100% van basiese heffing vir elektrisiteit vir een dienspunt per maand • 100% van basiese heffing vir water vir een dienspunt per maand • 100% van basiese heffing vir riolering vir een dienspunt per maand • 100% van een na-uurse tenkerdiens per jaar • 100% van basiese heffing vir vullisverwydering vir een dienspunt per maand • 70 kWh gratis elektrisiteit in tariefblok 0-350 per maand • 10 kℓ gratis water vir huishoudelike gebruik plus 'n addisionele 7 kℓ water vir rioleringsdoeleindes
Vullisverwydering	11%	
Riolering	8.9%	
Water	6%	
Eiendomsbelasting	8%	Die volgende kortings geld vir alle residensiële eiendomme: 1. R15 000 op die belasbare waarde van die eiendom 2. 'n Addisionele korting van R35 000 op verbeterde residensiële eiendomme 3. 'n Verdere 20%-korting op berekende eiendomsbelasting mits verbeterde eiendomme slegs vir residensiële doeleindes gebruik word

Let daarop dat pensionarisse, gestremde mense, *bona fide* boere en operateurs van geregistreede bed-en-ontbyt-ondernemings gastehuise ook vir kortings op eiendomsbelasting kan kwalifiseer. Sien besonderhede elders.

RAAD KEUR 2024/25-MUNISIPALE BEGROTING GOED

ONAFWENDBARE STYGINGS TE DANKE AAN "NUWE REALITEIT"

Tydens 'n spesiale vergadering wat op Vrydag, 31 Mei 2024, gehou is, het die Raad goedkeuring verleen vir Munisipaliteit Overstrand se begroting en tariewe vir die 2024/25-boekjaar en tegelykertyd ook vir die verbandhoudende hersiene geïntegreerde ontwikkelingsplan.

Met ingang 1 Julie, toon die 2024/25-begroting dat die munisipaliteit se begroting vir bedryfsbesteding (met inbegrip van niekontant-items soos waardevermindering) R1.944 miljard beloop en sy totale begrote inkomste (kapitaaltoekennings uitgesluit) R1.837 miljard bedra. Dit kom neer op 'n rekeningkundige tekort van R106.9 miljoen.

In haar begrotingsrede het Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, haar dank betuig teenoor almal wat 'n aandeel gehad het in die tydige finalisering van die hersiene GOP en die 2024/25-begroting.

"Wat ons veral waardeer is dat almal wat onverpoosd hieraan gewerk het, dadelik begryp het dat ons hier te kampe het met 'n nuwe realiteit en dat as ons die volhoubare voortbestaan van Munisipaliteit Overstrand oor die lang termyn wil verseker, ons bereid moet wees om dwingende behoeftes te prioritiseer en koste verwant aan die lewering van noodsaaklike dienste sover as moontlik te bekamp," het die Burgemeester gesê.

"Juis daarom gaan R184.6 miljoen van die kapitaalbegroting (d.w.s. die grootste gedeelte) aan die opgradering of opknapping van infrastruktuur noodsaaklik vir die lewering van basiese dienste bestee word.

"Soos sake tans staan, is dit egter 'n gegewe dat ongeveer 64.5% van die kapitaalbegroting slegs gedek kan word indien die munisipaliteit sy eie fondse gebruik veral aangesien die toelaes en toewysings betaalbaar deur beide die nasionale en provinsiale regering met ten minste R11.698 miljoen afgeneem het vergeleke met die vorige jaar.

"Op die koop toe het verskeie onbeheerbare uitgawes wat aan beurtkrag toe te skryf is (soos ekstra brandstof, 'n verhoogde instandhoudingslas en meer oortyd) ook onteenseglik 'n direkte impak op die kostedoeltreffende lewering van die vier basiese dienste (water, elektrisiteit, vullisverwydering en riolering).

"Gegewe hierdie scenario, en as die oogmerk is om Munisipaliteit Overstrand se status as 'n volhoubare, lewenskragtige entiteit te behou, sal ons noodwendig van kontantreserwes gebruik moet maak om kritieke kapitaalprojekte gedeeltelik te befonds.

"Daardie reserwes kan slegs opgebou word as ons daarin slaag om ons finansiële posisie ten opsigte van die lewerig van basiese dienste te verbeter.

"Ondanks ons pogings om uitgawes met inkomste te rekonsilieer, blyk dit steeds dat die begroting ten opsigte van die lewering van riolering- en afvalverwyderingsdienste onderskeidelik op 'n tekort van R142.478 m en R2.508 m neerkom.

"Wees gerus, ons is beslis van voorneme om hierdie situasie in die komende jare ten nouste te monitor. Boonop is heelwat planne reeds beraam om huishoudings se afhanklikheid van suigtenks te verminder.

"Ons is ook al te bewus van die impak wat die oënskynlik buitensporige stygings in die koste van elektrisiteit op huishoudings en sake-ondernemings het, om nie eens te praat van die chaos wat beurtkrag veroorsaak nie.

"Wat hierdie kwessie betref, nadat alle voor- en nadele deeglik oorweeg is, het die Raad besluit dat die voorgestelde strategie vir hernieubare krag na sy mening tans die beste opsie is," het die Burgemeester gesê.

Ter afsluiting het sy bevestig dat Munisipaliteit Overstrand steeds bereid is om kwesbare groepe tegemoet te kom en 'n beroep gedoen op almal wat vir gesubsidieerde munisipale dienste en kortings kwalifiseer om so gou as moontlik op die munisipaliteit se deernishulpdatabasis te registreer.

Gerieflikheidshalwe word verkorte details oor die begroting op die volgende bladsye verskaf tesame met die kortings waarvoor kwalifiserende individue/entiteite in aanmerking kan kom. Enigeen wat graag Burgemeester Rabie se begrotingsrede in detail wil bestudeer, kan gerus die volgende skakel volg: https://www.overstrand.gov.za/council-approves-municipal-budget-for-2024-25/

IMPAK VAN VERHOOGDE EIENDOMSBELASTING EN TARIEWE SÓ VERSAG

Gegewe die behoefte om uitgawes teenoor inkomste te balanseer, het Burgemeester Rabie die versekering gegee dat verskeie planne beraam word om Eskom se oënskynlik buitensporige prysstygings en die verwoestende impak wat beurtkrag in die algemeen op oorhoofse koste het, die hoof te bied (*sien Voorgestelde strategie vir hernieubare strategie*). Sy het ook 'n dringende behoefte gedoen op almal wat vir deernishulp kwalifiseer, om so spoedig as moontlik op Munisipaliteit Overstrand se databasis te registreer. Munisipaliteit Overstrand het ook sy beleide opgedateer oor die kortings wat vir pensioenarisse/gestremde mense; operateurs van geregistreerde akkommodasie-fasiliteite; en *bona fide* boere beskikbaar is (sien besonderhede elders in hierdie uitgawe).

2024/2025-BEGROTING IN 'N NEUTEDOP

Begrote inkomste (kapitaaltoelaes uitgesluit) teenoor geprojekteerde bedryfsuitgawes

Funksionele klassifikasie	Inkomste	Uitgawes
Bestuur en administrasie	R534.699 m	R247.182 m
Gemeenskap en openbare veiligheid	R193.553 m	R353.370 m
Ekonomiese en omgewingsdienste	R14.207 m	R219.096 m
Handelsdienste	R1.160 miljard	R1.120 miljard
Ander	–	R3.923 m
TOTAAL	R1.837 miljard	R1.944 miljard
		Netto tekort = R41.415 m

AANSOEK OM "*FARMS*" – TARIEF

Landbou-eiendomme **buite die munisipale diensarea wat op die tarief (RESO)** is, kan aansoek doen vir die "*FARMS*" tarief, onderhewig aan die eienaar/boer wat die munisipaliteit voorsien van bewys dat die eiendom vir bona fide landboudoeleindes gebruik word.

Indien jy op die "*FARMS*" tarief is, is dit nie nodig om weer aansoek te doen nie. Dit is wel die verantwoordelikheid van die eienaar/boer om die Munisipaliteit in kennis te stel van enige veranderinge.

Voltooide aansoekvorms moet gestuur word aan enquiries@overstrand.gov.za of kan ingehandig word by u naaste administrasiekantoor. Kontak ons gerus as u hulp met die voltooiing van die aansoekvorm verlang. Aansoeke moet ons verkieslik teen **20 Julie** bereik, maar beslis nie later nie as **30 September** nie.

78.6% VAN R184.6 M-KAPITAALBEGROTING GEOORMERK VIR BASIESE DIENSTE



Met die uitsondering van die R9.9 miljoen wat vir die opgradering van die Hawston-sportkompleks toegewys is, is besteding aan groot kapitaalprojekte wat vir die 2024/25-boekjaar beplan word, grotendeels bestem vir die elektrifisering van laekostebehuising (R22.3 m) en die lewering van dienste aan daardie areas (R13.1 m).

'n Verdere R11 miljoen sal bestee word aan die opgradering van pompstasies en stygleidings, met 'n verdere R10.7 m wat geoormerk is vir die opknapping/opgradering van Kleinmond se afvalwaterbehandelingsaanleg.

VOORGESTELDE STRATEGIE VIR HERNIEUBARE KRAG

Na deeglike oorweging van die huidige beperkings op en kwessies rondom die lewering van hernieubare krag, het Munisipaliteit Overstrand as volg besluit:

- Aangesien 'n beleid en tariefstruktuur vir kleinskaalse gekoppelde opwekking (in Engels **small-scale embedded generation** afgekort as **SSEG**) reeds daargestel is, sal die munisipaliteit sy aandag vir die oomblik bepaal by hoe oortollige eenhede teruggevoer kan word in die munisipale netwerk.
- Gegrond op Munisipaliteit Overstrand se huidige behoefte aan kapasiteit kan investering in die oprigting van 'n onafhanklike kragverskaffer (in Engels **Independent Power Producer** afgekort as **IPP**) nie geregverdig word nie. Gevolglik sal hierdie opsie slegs oorweeg word wanneer 'n strategie ontwikkel is wat IPP's in staat stel om 'n hele gebied, in plaas van net 'n enkele munisipaliteit, van krag te voorsien.
- Selfs al is **wheeling** (dit wil sê die verskaffing van deurvoerkrag deur goedgekeurde kragprodusente-/verhandelaars) net so gekompliseerd is soos die lewering van krag deur IPP's, is die munisipaliteit van mening dat dit wys sou wees om eerder hierdie opsie te verken.

NUWE MUNISIPALE BANKBESONDERHEDE

Overstrand Munisipaliteit het vanaf 1 Julie nuwe bankrekeninge, omrede die bankdienste verskaffer ooreenkoms volgens 'n vyf jaar-tenderooreenkoms aangestel word. ABSA het aan die jongste tender se bepalings en vereistes voldoen.

Alhoewel die ou rekeninge vir 'n wyle oop sal bly, moedig ons alle belastingsbetalers aan om so gou as moontlik na die nuwe rekeninge oor te skakel.

- As jy van 'n debietorder gebruik maak om jou munisipale rekening te vereffen, sal die bankbesonderhede outomaties opgedateer word.
- Voorts hoef daardie kliënte wat van EASYPAY, PAY@ of SAPO gebruik maak om hul rekeninge te vereffen, slegs hul jongste munisipale staat by die betaalpunt te toon.
- As jy egter van aanlyn bankdienste gebruik maak om jou munisipale rekening te vereffen, skrap asseblief die begunstigde en skep 'n nuwe een soos per die besonderhede wat hier onder verskaf word.

Vir jou gerief sal jou maandelikse munisipale rekening ook in die toekoms Munisipaliteit Overstrand se nuwe bankbesonderhede reflekteer.

Die nuwe besonderhede is as volg:

PRIMÊRE REKENING

Gebruik hierdie rekening vir ALGEMENE betalings (bv. lisensiehernuwings, bouplanne, boetes uitgesonder daardie vir verkeersoortredings, grafte en dies meer).

- Rekeningnaam: Overstrand Munisipaliteit Primêre rekening
- Bank: ABSA
- Tipe rekening: Lopend
- Rekeningnommer: 3220000035
- Takkode: 632005
- Swift-kode: ABSAZAJJ
- Verwysing: Soos deur kontakpersoon verskaf

VERKEERSBOETE-REKENING

Hierdie rekening word uitsluitlik vir die betaling van verkeersboetes gebruik.

- Rekeningnaam: Overstrand Verkeer rekening
- Bank: ABSA
- Tipe rekening: Lopend
- Rekeningnommer: 4114285376
- Takkode: 632005
- Swift-kode: ABSAZAJJ
- Verwysing: Verkeersboete se nommer

MUNISIPALE REKENINGE

Hierdie rekening is uitsluitlik vir die betaling van maandelikse munisipale NUTSDIENSTE (d.w.s. water, elektrisiteit, riolering/ vullisverwydering en eiendomsbelasting)

- Rekeningnaam: Overstrand Municipality Account Payments
- Bank: ABSA
- Tipe rekening: Lopend
- Rekeningnommer: 4066578021
- Takkode: 632005
- Swift-kode: ABSAZAJJ
- Verwysing: 12-syfernommer soos op staat vertoon

ONRUS-KARAVAANPARK-REKENING

Hierdie rekening word uitsluitlik vir die betaling van Onrus-karavaanpark-kampeergelde gebruik.

- Rekeningnaam: Onrus Karavaan Park
- Bank: ABSA
- Tipe rekening: Lopend
- Rekeningnommer: 4114285384
- Takkode: 632005
- Swift-kode: ABSAZAJJ
- Verwysing: Besprekingsnommer

As jy enige vrae oor die nuwe bankbesonderhede het, kontak ons gerus by 028 313 8000 of stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za.

MAANDELIKSE MUNISIPALE REKENINGE: WAT JY IN 2024/25 TE WAGTE KAN WEES

SRA-heffings sal na gelang van die geval bygevoeg word.

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2024/2025

Hoë verbruik met koopkragmeter Waardasie: R3 500 000		Jaar 2023/24	Jaar 2024/25	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		968,30	1 045,76	77,46	8,00
Riolering*	Tariefkode: SE7A1+SE8A	381,06	414,97	33,91	8,90
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week	228,00	253,08	25,08	11,00
Water	20 kℓ	432,80	458,77	25,97	6,00
SUB TOTAAL		2 063,70	2 226,13	162,43	7,87
BTW	15%	164,31	177,05	24,36	14,83
TOTAAL		2 228,01	2 403,18	186,79	8,38

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2024/2025

Sub-ekonomiese verbruik (Deernishulp) Waardasie: R50 000		Jaar 2023/24	Jaar 2024/25	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		0,00	0,00	0,00	0,00
Riolering*	Tariefkode: SE7A1	0,00	0,00	0,00	0,00
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		41,70	41,70	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week	0,00	0,00	0,00	0,00
Water	6 kℓ	0,00	0,00	0,00	0,00
SUB TOTAAL		41,70	41,70	0,00	0,00
BTW	15%	6,26	6,26	0,00	0,00
TOTAAL		47,96	47,96	0,00	0,00

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2024/2025

Medium verbruik met koopkragmeter Waardasie: R2 500 000		Jaar 2023/24	Jaar 2024/25	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		687,63	742,64	55,01	8,00
Riolering*	Tariefkode: SE7A1+SE8A	322,65	351,36	28,72	8,90
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week	228,00	253,08	25,08	11,00
Water	15 kℓ	332,33	352,27	19,94	6,00
SUB TOTAAL		1 624,15	1 752,89	128,75	7,93
BTW	15%	140,48	151,54	19,31	13,75
TOTAAL		1 764,63	1 904,43	148,06	8,39

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – SAKE 2024/2025

Sake-ondernemings – Medium (drie fase) Waardasie: R3 200 000		Jaar 2023/24	Jaar 2024/25	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		1 964,80	2 121,98	157,18	8,00
Riolering*	Tariefkode: SE7A1+SE8A 1	447,82	487,68	39,86	8,90
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week 3	684,00	759,24	75,24	11,00
Water	20 kℓ	513,64	544,46	30,82	6,00
SUB TOTAAL		3 663,80	3 966,90	303,10	8,27
BTW	15%	254,85	276,74	45,46	17,84
TOTAAL		3 918,65	4 243,64	348,56	8,89

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ENKELRESIDENSIEEL 2024/2025

Lae verbruik met koopkragmeter Waardasie: R1 000 000		Jaar 2023/24	Jaar 2024/25	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting		266,63	287,96	21,33	8,00
Riolering*	Tariefkode: SE7A1+SE8A	322,65	351,36	28,72	8,90
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis	Een keer per week	228,00	253,08	25,08	11,00
Water	15 kℓ	332,33	352,27	19,94	6,00
SUB TOTAAL		1 203,15	1 298,21	95,07	7,90
BTW	15%	140,48	151,54	14,26	10,15
TOTAAL		1 343,63	1 449,75	109,33	8,14

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE – ONBEBOUDE ERWE 2024/2025

Gemiddelde waardasie Waardasie: R250 000		Jaar 2023/24	Jaar 2024/25	Bedrag	% verhoog
Eiendomsbelasting	Beskikbaarheid	131,56	142,09	10,53	8,00
Kan met riolering verbind	Beskikbaarheid	147,39	160,51	13,12	8,90
Vullis	Beskikbaarheid	113,99	126,53	12,54	11,00
Elektrisiteit	Beskikbaarheid	504,90	578,11	73,21	14,50
Water	Beskikbaarheid	165,74	175,68	9,94	6,00
Basiese infrastruktuurheffing: Water, elektrisiteit & riolering		53,54	53,54	0,00	0,00
SUB TOTAAL		1 117,12	1 236,46	119,34	10,68
BTW	15%	147,83	140,08	17,90	12,11
TOTAAL		1 264,96	1 376,54	137,24	10,85

KORTINGS VIR PENSIOENARISSE & GESTREMDE PERSONE

Gegrond op ***totale*** bruto maandelikse huishoudelike inkomste kan afgetrede en gestremde eiendomseienaars vir 'n korting op eiendomsbelasting kwalifiseer.

"***Totale bruto maandelikse huishoudelike inkomste***" *beteken die inkomste van alle persone wat normaalweg die eiendom bewoon, ingeslote salarisse/toelae, lone, dividende, pensioengelde, ongeskiktheidstoelae, verhurings, rente ontvang, kapitaal oorgeplaas/gedeponeer en enige inkomste uit beleggings."*

Slegs Suid-Afrikaanse burgers *sal vir korting kwalifiseer mits hulle kan bewys dat hulle:*

- ouer as 60 jaar is en/of reeds 'n ongeskiktheidstoelaag van die Staat ontvang;
- die betrokke eiendom as hul primêre verblyf-/woonadres ag, met dienverstande dat afwesigheid van tot op drie maande per jaar buite rekening gelaat sal word en dat, in gevalle waar eiendomseienaars weens omstandighede buite hul beheer nie in staat is om die eiendom te bewoon nie, hul gades of minderjarige kinders steeds aan die okkupasievereistes voldoen;
- nie enige ander eiendom besit nie; en
- die huishouding se totale bruto maandelikse inkomste nie meer as R17 440 is nie.

PERSENTASIE KORTINGS GELDIG VANAF 1 JULIE 2024 TOT 30 JUNIE 2025

Die persentasie kortings word gegrond op die perke wat vir totale bruto maandelikse huishoudelike inkomste vasgestel is. Dienooreenkomstig kan pensioenarisse en gestremde persone wat ingevolge Munisipaliteit Overstrand se beleid goedgekeur is vir die volgende kortings kwalifiseer:

Perke vir totale bruto huishoudelike maandelikse inkomste	Persentasie korting	Addisionele kwalifiserende kriteria
R4 360 (d.w.s. 2 x maandelikse staatsbefondsde maatskaplike pensioen)	100%	Geen
R8 720 (d.w.s. 4 x maandelikse staatsbefondsde maatskaplike pensioen)	70%	Geen
R17 440 (d.w.s. 8 x maandelikse staatsbefondsde maatskaplike pensioen)	40%	Aansoekers moet ouer as 60 jaar wees

Om aansoek te doen, rig u aansoek (tesame met die nodige dokumentasie) teen nie later nie as **30 September** aan enquiries@overstrand.gov.za of handig dit by u naaste administrasiekantoor in.

Let daarop dat vir die doeleindes van 'n aansoek om korting op eiendomsbelasting, bewys van okkupasie-/bewoningsreg of bewys van aanstelling as 'n eksekuteur of administrateur van 'n bestorwe boedel as afdoende bewys van eienaarskap beskou word. In sulke gevalle word daar van die aansoeker verwag om 'n beëdigde verklaring of 'n brief van die Meester van die Hooggeregshof ter stawing van sy/haar aanstelling voor te lê.

Neem ook kennis dat indiening van 'n aansoek nie noodwendig 'n korting tot gevolg sal hê nie en dat Munisipaliteit Overstrand die reg voorbehou om, in die geval van 'n wanvoorstelling of 'n valse verklaring, die korting te weier sowel as om enige korting wat reeds toegestaan is, te verhaal en, indien nodig, hom tot die hof te wend om sodanige wanvoorstellings/valse verklarings aan die kaak te stel.

Die nuwe 2024/2025-elektrisiteitstariefskaal

(NERSA goedgekeur)

Neem asseblief kennis van die nuwe elektrisiteitstariefskaal vanaf 1 Julie 2024

0 – 350 Eenhede = 2,3038 (BTW ingesluit) per eenheid
350 Eenhede = R806.33

351 – 600 Eenhede = 3,1502 (BTW ingesluit) per eenheid
250 Eenhede = R787.55

600+ Eenhede = 4,2522 (BTW ingesluit) per eenheid

Die deernishuishouding ontvang nou **70kWh gratis** en mag 430 eenhede koop:
280 Eenhede = R 645,06
150 Eenhede = R 472,53
Totaal = R1 117,59

AANSOEK OM KORTING OP EIENDOMSBELASTING: GASTEHUISE & BED-EN-ONTBYT-ONDERNEMINGS

Geregistreerde bed-en-ontbyt-ondernemings en gastehuise met drie (3) tot vyf (5) verhuurbare kamers kan aansoek doen om die volgende kortings op eiendomsbelasting gegrond op die verskil tussen sake- en residensiële tariewe:

- 3 x verhuurbare kamers: 75%
- 4 x verhuurbare kamers: 50%
- 5 x verhuurbare kamers: 25%

Let daarop dat een (1) en twee (2) kamers nie meer as "SAKE" aangeslaan word nie en dus nie vir korting kwalifiseer nie.

Stuur u aansoek aan enquiries@overstrand.gov.za of handig dit by u naaste administrasiekantoor in.

Die aansoektydperk is oop vanaf einde-Julie en **sluit op 30 September**. Geen aansoeke sal daarna aanvaar word nie.

FAKTURERINGSOPONTHOUD

Jy het dalk agtergekom dat jou maandelikse munisipale rekening vir Junie laat opgedaag het. Dit is weens die rekeningkundige prosedures wat gevolg moes word om die 2023/24-boekjaar af te sluit.

Munisipaliteit Overstrand vra om verskoning vir enige ongerief wat veroorsaak is en doen 'n beroep op almal wat nog nie hul staat vir Junie ontvang het nie om die departement finansies asseblief hiervan te verwittig.

Stuur bloot 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za waarin jy die nommer van jou munisipale rekening vermeld en versoek dat jou staat vir Junie so gou as moontlik aangestuur moet word.

Let ook asseblief daarop dat die jaarlikse styging in eiendomsbelasting en tariewe eers in jou Julie-rekening, wat teen 20 Augustus betaalbaar is, sal wys.

SÓ WORD WERKNEMERVERWANTE KOSTE IN TOOM GEHOU

Vergoeding van personeel en raadslede wat 30.86% van Munisipaliteit Overstrand se totale bedryfsbesteding beloop, val steeds binne die Nasionale Tesourie se norm van 25-40%.

Aangesien 'n hersiene organisasiestruktuur onlangs goedgekeur is en nou eers die eerste fase van implementering betree, sal alle vakatures vir tyd en wyl gevries bly.

Die Raad is maar al te bewus daarvan dat vergoeding vir oortyd aansienlik gestyg het vergeleke met vorige jare.

Dit is gedeeltelik toe te skryf aan insidente voortspruitend uit die stortvloed natuurrampe wat Overstrand onlangs getref het sowel as die dwingende noodsaaklikheid om werk te maak van kritieke kwessies wat weens beurtkrag ontstaan het.

Aangesien 'n proses reeds daargestel is om koste verwant aan oortyd binne perke te hou, is die munisipaliteit van mening dat hierdie situasie binnekort sal normaliseer.

GANSBAAIBIBLIOTEEK

Gereelde ondersteuners van die **GANSBAAIBIBLIOTEEK** moes vir 'n paar weke verlief neem met 'n bietjie meer geraas en heelwat meer stof as waaraan hulle gewoond is. Die effense ongerief ten spyt, kon die biblioteek ten tyde van die installering van 'n nooduitgang ter voldoening aan gesondheid-en-veiligheidsregulasies steeds al sy funksies verrig. Gelukkig is die te verwagte rus en vrede nou weer herstel.